AFTELLING

Dankie, gemeente. Kom ons bid.

Here Jesus, ons is altyd geseënd as U in ons, of, ons in U Teenwoordigheid is. En ons bid vanmiddag dat U ons weer grootliks sal ontmoet en weer vir ons die—die onverwagte sal doen, vandag. Hierdie dag is gegee om vir die siekes te bid; ons het dit afgesonder. Ek bid, Here Jesus, dat daar nie 'n swakke onder ons sal wees wanneer ons vertrek nie.

Ek dank U dat ek die guns van hierdie mense geniet. Mag die dinge wat ek gesê het, Here, mag dit weerklank vind by die mense, want Dis U Woord. Nou, ons verwag nou dat U ons sal ontmoet, in Jesus se Naam. Amen.

Mag maar sit.

Ek wil Broer Winners bedank, en vir hierdie gawe groep predikers wat saamgewerk het, die diens geborg het, vir al die predikers wat saamgewerk het, vir elke persoon wat gekom het, en vir julle groot ondersteuning aan die geestelike kant. Dit was maklik om te preek; moeilik vir my om van die platvorm af te kom; ek kon net vir ure bly. En vir alles wat julle gedoen het, bedank ons die mense, die skougronde hier, die trustees, of hoe dit ook al beheer is, om ons die voorreg te gun om die plek te kry. Vir elke kerk: Ek bid dat God julle lidmate sal vermenigvuldig en julle sal ophef in die Gees en net die uitermatige oorvloedige sal doen bo alles wat julle verwag het; mag Hy meer as dit doen. Ek bedank die Volle Evangelie Sakemanne, vir hulle goeie ondersteuning, ook, om ons hier te help.

Broer Paul Cain, hy was hier by ons vandag, ek neem aan hy het gevas. Wel, hier, wat hieragter my sit. Goeiste, hy het baie jonger geword. Ek ken hom skaars. Hy was altyd 'n bietjie geset, maar hy het 'n bietjie maerder geword, en ek kon hom skaars herken.

Het hom nou die aand in 'n visioen gesien by die . . . onder by die Ramada Inn; met 'n dame waarvoor hy gebid het en vir wie hy gebid . . . hy het voorheen vir haar gebid, en ek kon hom nie herken, vir 'n oomblik, nie. Ek het die visioen dopgehou. Ek het gesê: "Daar is 'n man." En toe hy . . . ek . . . O, die visioen nader was, en ek gesien het, toe het ek gesê: "Dis Paul Cain. Hy—hy's die een wat vir jou gebid het." En—en sy—sy is genees.

So, ons is dankbaar teenoor die Here vir Sy goedheid en genade. En vriende, daar's geen manier om uit te druk wat ons dink nie. En ons weet ons gaan een van hierdie tye saam vergader as 'n groep, soos ons nou is, vir ons laaste keer. Ons weet nie wanneer daardie tyd gaan wees nie.

Die liewe pastoor hier, tesame met julle, gemeente, het my weer uitgenooi: Ek was so bly toe julle gesê het: "As dit die wil van die Here sal wees." Ek hou altyd daarvan om so te maak.

Ek laat nooit my dienste tot so 'n kaliber toeneem dat ek nie kan gaan waar ook al die Here my stuur nie. Waar dit ook al...as dit was na waar vyf mense, een persoon is, en as Hy wil hê ek moet preek vir...Wel, ek het eenkeer vir vyfhonderdduisend gepreek, in Bombaai, Indië. En ek het in Durban, Suid-Afrika, gepreek vir omtrent tweehonderdduisend of meer; het dertigduisend bekeerlinge gehad, een middag, vir Christus, was almal inboorlinge. En dan het ek net onlangs 'n herlewing gehou in 'n kerk waarin jy nie meer as twintig kon indruk nie. Sien?

Wel, nou, die broers wat groot bedienings het, hulle kon nie na so 'n plek toe kom nie, want hulle kan net nie bekostig om dit te doen nie. Hulle moet baie geld hê om dit te doen. En God het hulle geseën.

En ek waardeer hulle sekerlik, en veral, Paul Cain hier, Oral Roberts, en baie van daardie groot stryders van die geloof, wat, ek baie klein voel om voor hulle te staan. Hulle is slim, geleerde, intelligente manne; en werk vir die Here; en die Here het hulle geroep vir 'n taak, en hulle verrig hulle taak.

Ek—ek kon nie hulle plek inneem nie. En die Here het dit geweet. En ek—ek kon nie dinge hanteer, soos hulle nie. Dis waarom Hy my nederig hou, reken ek, en—en my net soos hierdie laat bly. Maar, ek kan in die voorste linies en voorgronde ingaan, en 'n fondasie lê totdat daar genoeg byeenkomste is, dat hulle die groot predikers—predikers van...kan sien.

Hulle is nie groot predikers nie. Ek bedoel dit nie. Daar is nie enige groot en klein onder ons nie. Ons is net dieselfde, julle sien. Maar manne wat sulke verantwoordelikhede het, dat hulle, miskien, nie in 'n plek kan ingaan, waar hulle etlike duisende dollar 'n dag moet hê om die televisies en ondersteunings te laat voortgaan nie. En ek hou altyd daarvan om te preek vir daardie manne sodat mense hulle kan help, julle weet, want hulle het regtig hulp nodig. En ons is vir enigiets wat vir Jesus Christus staan. Ons is ten gunste daarvan.

Nou, toe ek aanvanklik verordineer is, was dit in die Baptiste Sendingkerk deur Dr. Roy E. Davis. En toe is ek nie uitgegooi nie, ek het nie uitgekom, omdat ek nie tussen die kerke kon wandel nie, en, met die bediening wat Hy my gegee het, dit nie op enige sekere denominasies plaas nie, maar ons arms om mekaar sit, en sê: "Ons is broers. Laat ons saamstap." So, ek is dankbaar vir julle uitnodiging.

Hulle het my so pas daarbuite vertel, hulle het ’n liefdesoffer opgeneem. Wel, ek—ek het dit nie verdien nie, en het nie daarvoor gevra nie. Maar siende dat julle dit gedoen het, sal ek my heel beste gee, as die onkostes gedek is (as die onkostes nie gedek is nie, plaas dit daarin), as dit gedek is, dan, weet julle wat sal ek daarmee doen? Dit in oorsese sendings plaas; dan self soontoe gaan; sodat ek weet dat hierdie bediening wat julle ondersteun het: ek dit neem na die mense wat dit nie kan bekostig nie. Dan hulle . . . dit kos hulle nie ’n pennie nie.

Mense wat nie eens weet wat regter of linkerhand is nie, wat daarbuite lê en eet wat hulle kan vind om te eet, en party van hulle wat sterf van die honger op die strate en dinge. Ek probeer dit na hulle toe neem, en die Boodskap op die beste manier wat ek kan bring, op dieselfde manier wat julle dit hier gedoen sien word. En God eer dit; en julle geld is toegewys.

Eerlikwaar, ek sien dit, tel dit nie. Dit word reguit in die fonds gesit; en daardie fonds kan net gespandeer word vir oorsese sendings. Dis al. Ek lewe nie daarvan nie. Die kerk sorg vir my onderhoud: ’n honderd dollar ’n week. Dis al wat ek kry, ’n honderd dollar ’n week.

En dan die . . . hierdie fondse gaan om die Evangelie te help versprei. En dit is ’n afsonderlike fonds; dit word beheer deur die tabernakel trustee raad. En dis sodat, dit nie op myself gespandeer kan word, of enige indiwidu, of enige ander ding, behalwe, oorsese sending nie.

En dan wanneer ons genoeg daar opgebou het (sodat ons hulle nie daarvoor hoef te vra; of by hulle geld te bedel wanneer ons daar kom nie; neem nie eens ’n offerhande of enigiets nie), gaan daarin en spandeer julle geld. So ek voel julle is my vernnoot om te help om hierdie dinge uit te kry. En wanneer die Here soveel bymekaar kry, dan voel ek die behoefte om êrens heen te gaan en vertrek ek. Bid vir my, sal julle? Nou dis wat ek wil hê julle moet vir my doen, is bid vir my. [Leë kol op band—Red.]

Seën julle. As ek julle nooit weer aan hierdie kant van die rivier sien nie, die môre wanneer dit, o, baie donker daaronder is, hou net—net julle Teken was. Onthou net, gaan af na die boot, Hy sal julle toelaat; julle reisgeld is alreeds betaal. Wees nou seker julle het die Teken, Dis al wat Hy sal erken.

Nou, laat ons net ’n oomblik staan, weer, om die Woord te eer.

Nou, ons is omtrent dertig minute, vyf-en-dertig minute laat. Ek sal nie langer as net ’n paar minute praat nie, want ons gaan ’n gebedslyn hê, mense oproep wat hulle gebedskaarte het, en vir hulle bid. Dis ons belofte.

2 Maar nou staan ons in respek vir die Woord, terwyl ek 'n deel van die Skrif hier lees, en God vra vir 'n konteks vir my teks. Ons blaai na Hebreërs, die 11de hoofstuk, as julle dit wil volg soos ons lees.

> *Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, en 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*
>
> *Want daardeur het die mense van die outyd getuienis ontvang.*
>
> *Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die Woord van God toeberei is sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit onsienlike dinge nie.*

3 Laat ons bid. Here, seën U Woord. Heilig die instrument waarvoor dit gebruik sal word. En mag die bemiddeling wees om saam te gaan met die Woord, om Lewe voort te bring en hierdie Woord weer te laat lewe voor ons. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Julle mag sit.

4 Nou gee net vir my julle onverdeelde aandag, net vir 'n paar oomblikke, omtrent twintig minute. Ek het 'n teksie hier, ek wil dit graag noem: *Aftelling*.

5 Julle weet, met al die dinge, het julle gehoor wat die Skrif gesê het? Die dinge wat is, ons sien, is gemaak uit dinge wat nie was nie, want dit was die Woord van God Wie dinge in ontstaan gespreek het. Die wêreld waarop ons vandag sit, die stoele waarin ons sit, die vloer wat onder ons is, die grond, die bome, alles, is niks behalwe die interpretasie van die Woord van God nie. Wanneer God dit interpreteer, wanneer dit gebeur, openbaar dit dit. "Laat daar wees," en daar was. "Laat daar wees," en daar was. En om die natuur te sien, hoe dit gevorm is.

6 Nou, natuur was my Bybel. Soos almal weet, wie ek het . . . in my gehoor was, wanneer ek gepraat het, ek's regtig amper aan die ongeletterde kant, en net skaars lees. Ek het 'n sewende graadse geleerdheid. Ek het baie ondervinding gehad. Maar, in my prediking, moet ek my inspirasie neem en dit tipeer met iets in die . . . in die natuur, sodat julle kan verstaan waarvan ek praat. Ek kan nie woorde gebruik soos 'n slim, geleerde man maak nie, want ek het nie die geleerdheid om dit mee te doen nie. So daarom tel ek die natuur op, en tipeer wat my inspirasie vir my sê, met die natuur. Ek het baie alleen gevoel, daardie, maar eenkeer . . . Ek het gelees in die Bybel waar die profete van die Ou Testament dit gedoen het.

7 En dan die grootste van die profete was Johannes. En ons let op, toe hy nege jaar oud was, is hy weggevoer in die woestyn deur die Gees, omdat hy die Messias moes bekendstel.

Sy vader was ’n priester. Dit was, gewoonlik, dat hy—hy die trant sou volg van sy vader. Maar, sy werk was te belangrik, om sekere etiek te neem van wat iemand anders gedink het. Hy moes sy boodskap van God kry. So, op die ouderdom van dertig het hy uit die woestyn gekom, ongeleerd, maar met ’n brandende geesdrif in sy hart, met ’n openbaring van God, en ’n visioen, dat hy die Messias sou aankondig. Hy het dit so duidelik geweet, totdat hy gesê: “Daar staan Een onder julle, net nou, wat julle nie ken nie.” Dink daaraan. “Een wat onder julle staan, reg hier, wat julle nie ken nie. Hy, Sy skoene is ek nie werd om los te maak nie, maar Hy sal doop met die Heilige Gees en Vuur. Sy skop is in Sy hand.”

8 En het julle opgelet sy—sy manier van praat? Nou, hy het vir die Fariseërs gesê toe hulle uitgekom het. Hy het geweet, as ’n profeet, hy het geweet wat in hulle hart was. En hy het gesê: “Julle addergeslag,” wat slange beteken. Sien, hulle, hulle het geweet dat daardie . . .

9 Nou, ’n ander man mag gesê het, “julle,” iets anders, julle weet, gebruik het een of ander . . . ’n—’n goeie, hoë taal: “Julle onbelangrike stuk ongerief,” of wat ook al jy dit wil noem. Dit mag verkeerd wees; ek het dit net opgetel, sien. So dit mag ander woorde gewees het wat hy kon gebruik het.

10 Maar, julle sien, sy inspirasie, hy het geweet dat ’n slang klein was, en laag, en kruiperig. So hy het gesê: “Julle addergeslag, wie het julle gewaarsku van die toorn wat sou kom? Moenie by julleself begin sê, dat: ‘Ons behoort *hieraan* of *daaraan*,’ nie, want ek sê vir julle, dat God in staat is om van hierdie rotse, klippe,” wat hy in die woestyn gesien het en op die oewer: “kinders op te rig vir Abraham. Ook, die byl is gelê teen die wortel van die boom.” Wat hy gesien het. “Elke boom,” soos in die wildernis: “wat nie vrugte voortgebring het nie,” dis wat hy vir vuurmaakhout gebruik het. Sien: “En teen die wortel van die boom gelê! En as dit nie goeie vrugte voortbring nie, word dit uitgekap en in die vuur gegooi.” Sien, sy inspirasie het die natuur gevolg.

11 En—en as jy die natuur baie aandagtig sou dophou, sal jy nie te ver van die Woord afgaan nie, want God is in die natuur. Ek dink, die laaste keer wat ek hieronder op die Weskus was, het ek gepreek oor die vier maniere om God te sien; God in Sy Seun, God in Sy Woord, God in die natuur, ensovoorts.

12 Nou as ons alles oplet wat God in die natuur gemaak het, omdat ek gaan praat op daardie manier, oor natuurlike dinge wat geestelike dinge tipeer, dit . . . want dit is gemaak uit dinge wat nie sigbaar is nie. Dit was die Woord. Nou neem ons byvoorbeeld soos . . .

13 ’n Paar maande gelede, is ek gevra om ’n preek te preek, ’n begrafnispreek, vir ’n dierbare ou vriend van my. Baie van julle

het my boek gelees, en julle onthou waar ek . . . 'n seun wat was . . . een wat behoort het aan een van die padvinders, of iets, en hy . . . en ek het vir hom gevra om vir my te hou sy . . . vir my te hou sy ou cow- . . . of—of padvinderspak, wanneer hy dit klaar gedra het. Wel, hy het vir my een kammas gehou. Julle onthou dit, in die boek. En ek het dit aangetrek. Lloyd Ford, sy ma het onlangs gesterf, omtrent vyf-en-tagtig jaar oud, baie kosbare vriend van my. En Lloyd, nog steeds enkel, en gebly by sy ma, hy het na my toe gekom. En hy het gesê: "Broer Bill." Dis hoe hy my geken het. Ons, ek het hom Lloyd genoem, hy het my Bill genoem.

En ek het gesê: "Wat wil jy hê, Broer Lloyd?"

Hy het gesê: "Sal jy—sal jy ma se begrafnis preek?"

14 Ek het gesê: "Ek sal dit graag doen. Dit sal egter soos my eie ma wees." Ek het gesê: "Sy het vir my soveel maaltye gekook, en dinge, en was so goed vir my."

15 Hy het gesê: "Ek wil hê jy moet daardie laaste woorde oor haar sê, Broer Branham."

16 Ek het gesê: "Wat sou jy—wat sou jy wou hê ek moet sê, Lloyd?"

17 Hy het gesê: "Een ding wil ek hê moet jy doen. Verseker net my mense, verseker ons van haar opstanding."

18 So ek het die teks van iewers oorkant in Job geneem, van hoedat Job die natuur dopgehou het. En ek het gesê, in my . . .

19 Dood van my eie ma, my eie ma wat pas omtrent twee jaar gelede oorlede is. My jong suster is pas gered, 'n tydjie gelede, en sy het my gebel toe sy geweet het moeder was aan die gaan. En sy het gesê: "Bill, wat kan ek doen?" Gesê: "Ek kan dit net nie langer verduur, om daar te staan en na my ma te kyk nie."

Ek het gesê: "Dis die mooiste gesig wat ek ooit gesien het."

Sy het gesê: "Hoe kan jy dit sê, en, jou ma?"

20 "O," het ek gesê: "sy's gereed om te gaan, en wil gaan. Sy is oud, en sy's gereed om oor te gaan uit hierdie lewe."

21 Ek het vir haar gesê: "Ma, beteken Jesus steeds vir jou . . . Wat Hy het die dag toe jy die Heilige Gees ontvang het?"

Sy sou sê: "Ja." Wanneer, en ek sou . . .

Toe sy dit nie meer kon doen nie, het ek gesê: "Glimlag."

22 Toe sy so laag geraak het, sy kon nie glimlag of praat nie, het ek gesê: "Ma, jy is sterwend." Sy was in my arm. Ek het gesê: "Ma, as Jesus Christus steeds dieselfde is vir jou, en net so soet, of selfs soeter as wat Hy was toe jy die Heilige Gees ontvang het. Ek is jou predikerseun. Ek moet die publiek ontmoet. Beteken Jesus iets vir jou, terwyl jy sterf? As dit is, as jy nie kan praat nie . . ." En sy kon nie praat nie. Ek het

gesê: "Kan jy nie praat nie, ma?" Sy kon nie beweeg nie. Ek het gesê: "Knip jou oë, baie vinnig." En sy het haar oë baie vinnig begin knip, en die water wat teen haar wange afgeloop het. Toe sy nie eens meer kon praat nie, maar haar sintuie in haar het die Teenwoordigheid van Jesus Christus aangevoel. Binne 'n paar oomblikke, het 'n Wind deur die kamer getrek, en ma het daarmee saam uitgegaan, om God te ontmoet.

23 Nou, hierdie vrou toe sy gesterf het, het ek gesê: "Is daar hoop in die opstanding?" Ek het gesê: "Alles . . . "

24 Ek was bevoorreg om omtrent met elke volk onder die hemele te praat. Ek het alle soorte gode en alle soorte godsdienste gesien, maar daar is nie een daarvan waar behalwe Christendom nie. Dis die enigste een. Selfs die natuur, self, dit praat van Christendom, God die Skepper!

25 Kyk, daar is lewe, dood, begrafnis, opstanding. Opstanding! Die hele . . . Jy kan nie buitentoe gaan sonder om dit te sien nie. Kyk hoe kom die blare aan in die lente. Kyk hoe hulle na hulle jeug gaan, in hulle oue, in hulle middeljare, en dan hulle ouderdom. En die aar is in die blare, wat die lewe dra. Binne 'n paar minute, sal julle uitvind dit is nie lank nie, voordat enige ryp val, of enigiets, val daardie blare af. En wat gebeur? Die lewe wat in daardie boom is, daardie sap, gaan af in die wortels. As dit nie het nie, sou die winterkoue die boom doodmaak, die lewe doodmaak. Dit kan nie bo bly nie. Dit moet afgaan en ditself begrawe. Maar in die lente van die jaar, hier kom dit terug, weer met 'n nuwe blaar. Dit getuig daar is 'n lewe, 'n dood, 'n begrafnis, 'n opstanding. Alles wat tipeer. Ons kan net nie wegkom daarvan nie.

26 Kyk na die son wanneer dit opkom in 'n oggend, die son wat die hemele verlig. Dis 'n babatjie, gesus in sy moeder se arms, wanneer dit swak is, nie te veel lewe nie, nie baie sterk nie. En dan omtrent agtuur, begin dit skool toe gaan. Om elf-dertig, het sy gegradueer, en is uit die hoërskool en uit die kollege. Dan is sy in haar krag, vanaf omtrent twaalf tot omtrent twee. Dan begin sy swakker word, swakker, swakker, swakker, en uiteindelik word sy baie swak soos 'n ou man of 'n vrou, wat afstap. Is dit die einde daarvan? Sy kom die volgende oggend op om te getuig: "Daar is 'n opstanding, en 'n lewe anderkant die dood."

27 Alles wat getuig. Die hele natuur getuig. Die Woord getuig daarvan. Die einste Gees Self wat in ons hart is, getuig daarvan. Iets in ons, wat uitroep, dat: "Daar is 'n opstanding van die dooies." So, julle sien, om te sê . . .

28 As alles God se doel dien, het dit 'n opstanding. Maar dit kan net opstaan as dit God se doel dien. As 'n blom lewe en dis nie ontkiem nie, sal dit nie weer opstaan nie. As jy mielies plant, en dit ontkiem nie, sal dit nie weer opstaan nie. Enigiets

wat nie God se doel dien nie, het geen opstanding nie. Maar jy kan nie enigiets in die grond hou wat God se doel dien nie. Dit kom weer uit om te getuig van ’n opstanding. Ons weet dat al hierdie dinge reg is. Hulle is getuienisse vir ons, om ons aan te moedig. Elke dag, oral waar jy kyk, sien jy God.

29 Daar is ’n natuurlike liggaam, ’n volk. Daar is ’n geestelike Liggaam van mense.

30 Daar is ’n natuurlike bruid. Ek het die voorreg gehad om baie gawe jong paartjies te trou. En ek dink nooit daaraan behalwe. . .Ek draai hulle soort van om, ’n bietjie bygelowigheid, en ek staan met my—my rug na die Ooste, en hulle wat na die Ooste kyk. En soos ek na hulle kyk, dink ek aan hulle harte wat as een klop, Christus en Sy Bruid. Daar is ’n natuurlike bruid, en omdat daar ’n natuurlike bruid is, is dit net ’n getuienis daar is ’n geestelike Bruid. Daar is ’n geestelike Bruid, omdat daar ’n natuurlike bruid is.

31 Al hierdie natuurlike gebeurtenisse, nou, hulle gaan geestelike gebeurtenisse vooraf. Elke gebeurtenis vergesel die ander gebeurtenis, dit verbeter dit net.

Jy sê: “Soos wat is dit?”

32 Wel, iets soos ’n geestelike lewe, wanneer dit kom na ’n natuurlike lewe, verbeter dit die natuurlike lewe. Dit, Dit maak jou in ’n beter toestand as wat jy was in die natuurlike lewe.

33 Wanneer die blaar oud word en sterf, wanneer dit weer terugkom met die lewe in die opstanding, om te getuig in nog ’n jaar, kom dit terug in ’n beter toestand as wat dit het toe dit afgegaan het. Sien, alles getuig van hierdie dinge.

34 Nou laat ons neem, byvoorbeeld, die prestasie wat die mens in staat was om op aarde te behaal. In al hierdie natuurlike prestasies nou. . .Ek wil nou julle onverdeelde aandag hê. Die. . .Al die natuurlike prestasies wat op die aarde gebeur het, was voorlopers van geestelike prestasies wat God gedoen het deur Sy kerk.

Al die natuurlike dinge is ’n tipe van die geestlike dinge.

Nou sê jy: “Hoe is dit?”

35 Laat ons neem, vir een, vervoer. Eers, was die vervoer deur die perd. Die volgende, was dit deur die outomobiel. Toe het wetenskap vir ons ’n vliegtuig gebou. Toe, maar, julle sien, dit is ’n. . .Eers, was een perdekrag. Die motorkar was miskien twintig perdekrag. Die vliegtuig gaan op na honderde perdekrag. Sien wat dit is? Dis net soos ons aangekom het met die perd, toe die outomobiel gemaak is, toe die volgende ding ’n vliegtuig was. Ons hou net aan presteer, hoër en hoër, groter

en groter word. Hierdie is die prestasie van wetenskap. Dit is ’n voorloper van die geestelike dinge wat gebeur het, van God, deur Sy Gees, in Sy beloofde Woord was.

36 Die natuurlike mens, deur die kennis, kyk agtertoe na sy prestasie; dis wetenskap, kyk na wat God gedoen het in ’n vorige skepping. Hulle gaan uit en tel kluite op en kry stukke rots en fossiele, en—en elemente, en bring hulle bymekaar. Sien, met daardie prestasie, neem hulle wat God gedoen het, en verdraai dit van sy oorspronklike toestand, en maak sy woonkwartiere, ensovoorts, en sy ekonomie ’n bietjie beter, deur wat geskep is. Dis in die natuurlike prestasie, deur die mens.

37 Maar God, in die geestelike prestasie, gaan vorentoe, gaan nie agteruit nie. Hy gaan vorentoe, deur in die Woord te kyk, en die beloftes te glo vir dinge wat nog nooit gekom het nie, vir die geestelike openbaringe om die geestelike dinge te manifesteer wat God belowe het. Hy sien hulle gebeur. Net soos die wetenskaplike in sy loboratorium werk aan verskillende dinge om die mens te help, die skepping te neem; kyk die geestelike mens vooruit na iets wat God belowe het, wat nog nooit geskep is nie. Die natuurlike mens kyk agtertoe. Die geestelike mens kyk vorentoe.

38 Dis hoe, hulle dit het—het in die kerk. Die natuurlike kerklidmaat kyk terug na wat Finney, Sankey, Knox, Calvyn gedoen het. Dit was goed, maar dit was hulle dag. Ons kyk vooruit na iets anders, die belofte wat groter en hoër is, en wat God belowe het. Wetenskap gaan terug, om dit op te tel. Ons gaan vorentoe, in die Woord van die Here, om uit te vind wat God behaal het.

39 En hierdie twee dinge, een gaan die ander vooruit, of tipeer dit. Nou soos wetenskap in staat was om meer perdekrag te behaal, soos hy gedoen het deur die krag te neem en groter instrumente te maak, die auto’s en vliegtuie; het God behaal uit hierdie selfde manier, soos elkeen van daardie tipeer. Nou kyk.

40 Ver terug in die dae van Luther, was hulle krag perdekrag. En toe het God, deur Luther in sy hand dit te kry, beheer, uit ’n groot organisasie, of ’n stelsel, het Hy die mens laat sien dat “die regverdige sal deur die geloof lewe.” En toe Hy in staat was om regverdigmaking te behaal, en dit te preek, het die kerk Lewendig geword. Dit het Lewendig geword en net ’n klein bietjie begin beweeg, onder die dae van die perdekragte, toe perdekrag omtrent gereed was om uit te doof, van die kar, en perd en kar. Nou, Hy het regverdigmaking behaal, en, daardeur, het die kerk toe Lewe behaal deur te glo aan Jesus Christus. Nie te neem ’n . . .

Julle sê: “Ek glo die kerk. Ek glo *dit*.”

41 "Om Hom te glo is Lewe." Geregverdig deur geloof! Luther het dit gepreek. Dit was getipeer deur perd-en-kar dae.

42 Toe het Hy 'n man in Engeland gekry, met die naam van John Wesley, onder Sy beheer, om al die ismes uit te neem, weg van hom. En Hy was in staat, deur John Wesley, om heiligmaking in die kerk in te bring. Heiligmaking het die kerk op sy voete laat staan, en dit in staat gestel om te begin loop. Nou aan die einde van Wesley se eeu was die outomobiel, ons besef toe die . . . einde van die Wesleyaanse kerk, bedoel ek. Nie . . . Sien, elke—elke hervormer kom aan die einde van die eeu. Nou ons vind uit dat Wesley, in die laaste van sy kerkeeu, het dit ingekom net voor die Pinksters. Wel, ons sien dat daardie kerk genoeg krag gehad het, deur heiligmaking, om weg te stap van die dinge van die wêreld. *Heilig maak* beteken "afgesonder vir tot die heerlikheid van God." Dis te jammer dit het dit verloor. Maar dit het genoeg krag gehad.

Luther het dit lig gegee, destyds in die perd-en-kar dag.

43 Wesley het dit op sy voete gekry, om te loop. Heiligmaking, afsonder van die dinge van die wêreld. Daardeur het die takkies afgekom, soos die Pelgrim Heiligheid, en Nasaréners, en wat nog daarvanaf gekom het, deur heiligmaking.

44 Maar, onthou, hulle kon nie stilstaan nie. Die Vuurkolom het uitbeweeg. En hulle het gekom by Azusastraat, hier in Kalifornië. En toe wat het Dit gedoen? Dit het die vliegtuigdae verteenwoordig, vanaf die outomobiel, toe hulle . . . God was in staat, deur die Wrightbroers, om . . . of die mens was, om 'n vliegtuig te behaal wat kon vlieg. Onmiddellik, voor dit, het die Azusastraat pinkster geval, en die mens het in die lug opgegaan, in die bonatuurlike in, na die onbekende. Hy het gepraat met onbekende tale, hy het onbekende dinge gedoen wat vreemd was vir die kerk, omdat hy van die grond afgegaan het, hy het vertrek (die lug) in die lug in. Wat het dit gedoen? Onmiddellik na die vliegtuie gekom het, het hy in die lug opgegaan. God het gewys, deur die vliegtuie, dat Sy kerk aan die opstyg was. Hy wys, deur die natuurlike dinge, wat in die geestelike gebeur. Hulle volg altyd. Net soos die wyse manne wat die Ster gevolg het, om Christus te vind, na hulle Dit gevolg het vir twee jaar.

45 Nou let op, al daardie dinge is prestasies wat die mens behaal het, is slegs tipes en skaduwees van wat God doen. Hy doen dit altyd so. Hy het vir ons vertel die tekens wat in die hemele sou wees, die dinge wat sou gebeur net voor die koms van Christus. Ons sien dit nou. Dis net 'n aanwyser. En ons sien wetenskap, hoe hulle presteer het, en hoe God presteer het deur Sy kerk.

46 Ry 'n mens in 'n vliegtuig? Hy wil geen perd-en-kar meer hê nie, behalwe as hy 'n bietjie pret wil hê. Perd-en-kar . . . Onthou, wat is die krag in die vliegtuig? Net meer perde bygevoeg, dis al.

47 En so toe John Wesley heiligmaking gevind het, 'n opsy gesitte werk van regverdigmaking, het hy nooit regverdigmaking veroordeel nie, hy het net meer krag daarby gevoeg. Sien?

48 En toe die Pinksters die doop van die Heilige Gees gevind het, en die herstel van die gawes, het hulle nooit heiligmaking of regverdigmaking ontken nie, hulle het net meer krag gekry en opgestyg, en opgegaan omdat hy meer krag gekry het. Sien?

49 Al daardie dinge wat vooraf geskadu het, soos hulle opgekom het. As ons tyd gehad het, ons kon regtig daarop bly, maar ons het nie. Maar hy het opgestyg. Soos die wetenskap iets behaal het, aan die terugkyk; behaal God, deur *hierdie* kant toe te gaan, vorentoe te gaan na die Koninkryk.

50 Nou vind ons, vanaf Azusastraat, het die vliegtuie opgestyg in groot herlewings, en oor die wêreld getrek, na die onbekende, na Hemelse plekke, gepraat in onbekende tale, met onbekende gawes, vir die wêreld. Wel, hulle het gedink hulle was fanatici, maar hulle was in staat. . . God het 'n groep mense in Sy hande gehad. En het 'n klein, skeel-oog Negerman gekry, hieronder in Azusastraat, wat nie meer sin gehad het as om te glo wat God gesê het die Waarheid is nie. En dis reg.

51 Sien, wanneer 'n wetenskap 'n klomp verstand in 'n man se kop moet kry, van wysheid, van kennis, om terug te gaan en hierdie dinge te vind; moet God wat hy in hom het, uit hom kry, sodat Hy hom kan gebruik. Een wat *hiernatoe* gaan, en een wat *daarnatoe* gaan. Een gaan af, en die ander gaan op.

52 Nou, sy het hierdie intellektuele kerke op die grond gelos, toe die Pinkster opgestyg het met praat in tale en groot gawes van genesing. Hulle het die siekes genees. Hulle het groot dinge gedoen. Hulle het dit gedoen. Daar is geen twyfel dat hulle dit nie gedoen het nie. Dis bewys, dat hulle dit gedoen het. Sekerlik het dit! En hulle het hierdie intellektuele kerk wat op die grond gesit het agtergelaat. Maak nie saak hulle sê: "Wel, jy kan nie." Hulle het dit gedoen, in elk geval. Of jy. . .

53 Soos die seuntjie in die tronk, omdat hy 'n "gumbo" geskiet het. Iemand het ingekom, gesê, 'n seuntjie het ingekom om hom te besoek, het gesê: "O, hulle kan jou nie in die tronk sit daarvoor nie!" Hy het gesê: "Hulle kan nie?" Hy was alreeds daar.

54 En dis hoe hulle sê, dat: "Die Heilige Gees was vir 'n ander eeu." Dis wat hulle dink! Dis hier! Ons weet dit. Ons, en—en dis. . . Ons het in die lug gevlieg vir die laaste veertig, vyftig jaar, Daarmee, dinge gesien wat die intellektuele mense niks van weet nie. Enigste ding wat hulle kan doen, is te sit en sê, net Daarmee te spot.

55 Soos 'n kalfie, eenkeer, wat uit 'n stal gekom het, het hulle gesê, en dit was net vet en rond. Hy het sy hakke opgeskop. En hy het 'n baie goeie boer gehad wat hom goed gevoer het, en hy was volrond en vol vitamiene. En 'n ander ou lui boer daar oorkant wat 'n kalfie gehad het, ook, in die skuur gebore daardie winter, wanneer die kêreltjie niks geëet het behalwe onkruid nie. En toe hy kom, was hy so swak en kon skaars beweeg, en, elke keer, sou die wind waai en hom eenkant toe skuif. Hy het hierdie ou vet kalfie gesien wat net sy hakke opskop, en 'n wonderlike tyd het. Jy weet, hy het gekyk deur die kraak in die heining, en gesê: "S-s-sulke fanatisme!" Hy was heel vol vitamiene, geen wonder hy kon sy hakke opskop nie.

56 En wanneer 'n man gevul is met die Heilige Gees, is daar iets in hom, wat vol is van God se geestelike Vitamiene, laat hom God loof, en skree, en anders optree. Want hoekom? Hy is nie meer aardsgebonde nie. Hy's in die Hemele, seil rond, in Hemelse Plekke, in Christus Jesus.

57 Hy het hulle aardsgebonde agtergelaat met hulle fietse en outomobiels, hulle het in die die lug opgegaan. Ja, meneer. Hy't hulle omtrent daar uitgeneem, uitgedien. Hulle het die siekes genees. Hulle het in onbekende tale gepraat, en baie dinge gedoen.

58 Maar nou, vriende, mag ek dit sê. Dit het gekom by die eeu van ruimtevaarder. Ons het uit die vliegtuigeeu beweeg. Ons het meer krag nou. Die ruimtevaardereeu het ingekom. Wat is dit? Nie 'n. . . Ons het in 'n geestelike eeu van ruimtevaarder ingekom, sien, boontoe gegaan. Dis nie. . . Dis dieselfde Gees, net meer krag, net hoër gelig, hoër kan gaan, meer kan sien, meer kan glo, meer soos Christus kan wees. Nie die outomobiel nie, nie die perd-en-kar nie, nie eens die vliegtuig nie, maar, die ruimtevaarder, hy gaan verby en bokant elkeen.

59 Dit word genoem die arendeeu, in die Bybel. God noem Sy profete. . . Arendeeu! Ons besef, oorkant in die Bybel, vind ons, in Maleági 4, dat ons dit belowe is in die laaste dae. Nou, Hy vergelyk Sy profete met arende. Hy noem Homself arend. Hy's die groot Jehova arend.

60 Hy's in staat om te behaal, vir Homself, 'n Bruid. Hy gaan, in die laaste dae, in staat wees om 'n Bruid te kry, wat met 'n bediening wat so presies is, die. . . soos 'n man en sy vrou een word. En wanneer Jehova Sy mense soos Hy kry, dan woon Hy in Sy mense. Hulle is een.

61 Dit vervul die Skrif, presies wat Hy gesê het in Johannes 14:12: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook." Dit het ook vervul wat Jesus gesê het sou plaasvind: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

62 Nou is die ruimtevaardereeu. En die ruimtevaarder sien dinge wat die perderuiter, outomobiel, of vliegtuie, altwee, nie sien nie. Hy gaan hoër. Die vliegtuig is steeds hieronder aan die rondspring in die wolke, windvlae, en stampe kry, en alles anders. Maar hy gaan bokant die wolke van geloofsbelydenisse en denominasies, beweeg ver op in die Hemele in, ver weg van alles.

63 Die ruimtevaardereeu, ons lewe in die ruimtevaardereeu. Net so seker as wat God getuig het deur die natuurlike gebeurtenisse daar, so getuig Hy nou dat, as ons 'n ruimtevaarder behaal het, het God behaal wat Hy belowe het om te behaal in die laaste dae, volgens Maleági 4. Die enigste ding wat Hy moet doen, is om iemand in Sy hande te kry, wat kan lossny van die vliegtuie en outomobiels, en wat nog. Nie terug te kyk na wat dit was nie, maar meer krag om hom hoër te lig, hom in die Teenwoordigheid van God in te lig, hom daar bo-op te lig waar alle dinge moontlik is. Nou sien ons dit gebeur. Daar is geen twyfel daaraan nie.

64 So maak die geestelike ruimtevaarder, soos die natuurlike ruimtevaarder bokant die vliegtuie gaan; die vliegtuie wat altyd ongelukke maak, en stry in die wolke, en alles soos daardie. Hulle kan nie enigsins groter wees nie, nie meer behaal, as die ruimtevaarder nie. Enigste ding wat hy moet doen, is net meer krag insit, hy sal oral gaan waar hy wil, sien, want hy het klaar in die ruimte ingegaan. Vliegtuie is steeds onder, aan die ongelukke maak, stry, op die grond, en alles soos daardie. Maar die ruimtevaarder hoef nie op die grond te wees nie. Hy gaan bokant die wolke. Hy gaan bokant, bokant die geloofsbelydenis, bokant die denominasie, bokant diegene wat sê: "Dis nie so nie, Dit is nie so nie!" Hy het 'n gids, die Heilige Gees. Die Woord sê vir hom so, en hy beweeg aan!

65 Hoe maak 'n wetenskap 'n ruimtevaarder? Hy neem watter krag hulle het, en hou net aan iets daarin breek, dit sal dit laat verder gaan, sonder lug laat gaan, ensovoorts. En hou aan... Ek ken nie die—die chemikalieë daarvan nie. Ek is nie 'n werktuigkundige nie. Maar wat dit ook al is, hy laat dit al hoe hoër en hoër gaan. Hy hou aan om dit die heeltyd te verbeter, totdat hy nou bokant enige rede kan gaan. So maak God se ruimtevaarder ook, gaan bokant alle kerk geloofsbelydenis, alle grense, al hierdie dinge wat sê: "Die dae van wonderwerke is verby; daar is nie so-iets nie."

66 Hoe het die ruimtevaarder dit gevind? Hy het dit uitgedink op papier. Dit het van papier afgekom, wat hy uitgedink het. Dieselfde ding, dat enige mens kan gaan sit en die Woord van God lees en sien wat belowe is. "Ondersoek die Skrifte, in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe," het Jesus gesê: "en Hulle getuig van My." Daardie aardsgebonde groep wat hulle destyds daar in hulle dae gehad het, het nie geweet wat Hy was nie.

67 Bediening, wat dit doen, die ruimtevaarder sien dinge, dat die vliegtuie en alles uitgedien is. So ook die geestelike ruimtevaarder, gaan bokant die wolke en bokant geloofsbelydenisse, en bokant twyfel, uit in die buitenste ruimte; buitenste ruimte, van alle ongeloof, buitenste ruimte, waar nie die gebabbel hoor sê: "Wel, jy kan dit nie doen nie. Niemand sal saamwerk, saamwerk met jou nie. Jy kan nie *dit* doen nie. Jy kan nie *dat* doen nie." Hy let dit nie op nie. Hy's 'n ruimtevaarder. Hy gaan bokant daardie wolke. "Dis te stormagtig. Ons kan dit nie maak nie." Dit maak geen verskil vir 'n ruimtevaarder nie. Hy gaan bokant die storm. Sien, dis hoe dit is vir 'n regte ruimtevaarder geloof vandag. Hulle sê: "Wel, die dokter het *so-en-so* gesê." Dit mag reg wees, maar 'n ruimtevaarder glo dit nie.

68 Wanneer Dit Hier geskryf is, het hy Dit in sy hart. Iets sê vir hom, hy snel net reguit voort. Dis al. Gaan reguit uit in die ruimte in, want ons woon in 'n ruimtevaarteeu, ja, meneer, buite in die ruimte: "waar alle dinge moontlik is vir hulle wat glo." Hy het 'n gids, wat Sy Woord is, wat vir hom sê hoe om te gaan, die Woord van God.

69 Natuurlike ruimtevaarder is. . . het iets om hom te beheer. Wanneer die ruimtevaarder in die lug is, het hy iets hieragter, hieronder terug op die aarde, wat hom beheer. Dit word radar genoem. Daardie radar beweeg hom rond, wys waar hy is, sê wat hy doen. En daardie radar beheer hom uit 'n radartoring, hier op aarde. Dis die natuurlike ruimtevaarder.

70 So het die geestelike ruimtevaarder 'n Beheerkrag, het 'n beheertoring, ook. Dis nie *hieronder*, soos die mens s'n nie. Dis *Daarbo*. En dis die Heilige Gees wat in hom is, wat hom beheer, 'n toring van die doop van die Heilige Gees. Dis onder beheer, hou hom onder beheer deur die Woord; nie 'n klomp fanatisme, 'n opgesweepte onsin nie; maar, SO SPREEK DIE HERE, en dit gebeur. Dis altyd onder beheer. Hy het 'n beheertoring, dis die Heilige Gees. En die Woord is Sy—Sy program, en hy gaan reg in daardie program in. En die krag van die Heilige Gees bemagtig hom om uit te beweeg, en dit bring die prestasie wat God wil behaal vir Sy mense, dat dit mag vervul wat Hy belowe het.

71 Jesus het nie die mense genees omdat Hy dit moes doen nie. Hy het dit gevul, die Skrif vervul. Hy het genees omdat dit geskrywe was Hy sou dit doen. Hy hoef nie hierdie tekens te bewys vandag nie, Hy hoef nie 'n bediening van *so-en-so* te hê nie, maar Hy het belowe Hy sou dit doen. Hy doen dit om Sy belofte te vervul.

72 Broer, suster, mans, vroue, kan julle dit nie sien nie? Kan julle nie die tipe van die geestelike en natuurlike sien nie?

73 Hierdie groot prestasies het die tydshorlosie van die wetenskap gebring, en dit het in so ’n plek ingebreek dat hulle sê dis nou net. . . Op die wetenskaphorlosie, sê hulle dis drie minute voor middernag. Hulle is aan die einde. Hulle het die ding gekry wat hulle sal vernietig. Hulle het alles gevind. ’n Ruimtevaarder kan in die lug ingaan en oorgaan, met atoomkragte, en daar opstel en sê: “Gee oor of word opgeblaas.” Drie minute voor middernag! Hulle het gewerk op wat God gedoen het. Hulle was in staat om te verdraai. In plaas van om te probeer lewe maak, probeer hulle altyd iets vind om iemand mee dood te maak, iets wat beter sal wees as die volgende ding, die volgende volk sal klop, die volgende plek sal klop. Dis wat hulle probeer doen.

74 Maar die mens kyk toe, noem mense sy broer, en probeer hom lei na ’n Tuiste waar hy nie sal hoef te sterf nie. Een is in dood, die ander is in Lewe. Maar hierdie, in dood, stel net die Lewe voor. Die blaar, wanneer dit van ’n boom afval en sterf, beteken net dit kom weer terug, want dit was.

75 Die horlosie tik, op die prestasie van die wetenskap vandag, na drie minute voor middernag. Op God se groot horlosie, tik dit: “Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd.” Ons het gearriveer! “Die werke wat Ek doen, sal julle ook.” “Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd.” Wanneer die wetenskaplike horlosie sê drie minute voor vernietiging; sê God se horlosie: “Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd.” Hy is op die aarde, in die krag van die Heilige Gees, om Sy Woord te laat lewe en te doen vir Sy kerk net presies wat Hy belowe het Dit sou doen, vul Sy ruimtevaarders, kry hulle vol brandstof en gereed.

76 So hulle het in hulle yslike groot wetenskaplike buis geklim, hier nie lank gelede nie, ruimtevaartbuis, en gaan nou die aftelling binne, oppad na die maan. Hulle gaan hiervanaf weg, ook. Hulle het ’n ruimtevaarder in ’n groot buis, aangedryf deur atoomkrag, wat hulle dit reguit na die maan kan stuur, sê hulle. Hulle het in hulle buis geklim en hulle wag vir die aftelling.

77 Die geestelike ruimtevaarder het in Christus geklim en luister na die aftelling van die Woord. Amen. Nou behoort julle Lutherane te skree, en julle Baptiste, en Presbiteriane. Hou die aftelling dop, van die Woord. O, goeiste! Aftelling, van die Woord! En hulle is oppad na die Hemel, nie na die maan nie. Hulle sal so vinnig verby die maan gaan, hulle sal dit nie eens sien nie. O, goeiste! Wag vir die aftelling! Ja, meneer. Wag vir die aftelling is reg.

78 Wat doen hulle? Hulle is toegedraai in Christus, in wegrapende genade. Niks wat hulle gedoen het, self nie. Christus het die ongeleerde, die dwase dinge van die wêreld

geneem, Sy ruimtevaarders daarin toegedraai, en hulle bekragtig met die Heilige Gees, om op te styg. Die wêreld gaan alleen gelaat word. Dis reg, styg op!

79 Let op, die natuurlike mens tel selfs agteruit. Ek het gesê hy doen dinge agteruit. Hy tel agteruit. Hou sy telling dop: "Tien, nege, agt, sewe, ses, vyf, vier, drie, twee, een, zero!" Sien, hy gaan terug, en begin tel. Sien? Hy's heeltemal. . . Tien is 'n slegte getal. Dis reg. Om met tien te begin, dis 'n slegte getal.

80 Hulle het tien stamme gehad van Israel, en hulle was net almal vleeslik. En hy moes Josef se twee seuns neem, Efraim en Menasse, die profeet se kinders, en hulle seën. En, toe hy het, het sy hande gekruis. En hy het gesê: "Vader, nie so nie, u het u hande op Efraim gesit, dit behoort op Menasse te wees."

81 Hy het gesê: "God het my hande gekruis." Van die. . . Van die ouer seun weggeneem, die wet, en dit bo-op Christus gesit. En daardeur, kom, het die verandering van die geboortereg deur die kruis gekom, amen, na die jonger seun. O, goeiste! Hoe wonderlik! As ons tyd gehad het om daarop in te gaan; sal een of ander ander tyd. Goed.

82 Nou, tien is 'n slegte getal. Maar die mens tel altyd agteruit, begin by tien. "Tien, nege, agt, sewe, ses, vyf, vier, drie, twee, een, zero."

83 Wat doen God? Hy begin met Sy getal, sewe. Dis God se getal. Hou Hom dop, sewe. O, Hy tel vorentoe, vanaf een. Hy begin met Sy eerste kerkeeu. Dis wat Sy simbole op aarde was. Daar is sewe kerkeeue. Hy het die wêreld in sewe dae gemaak; sewende dag het Hy gerus. Dis Sy laaste getal in Sy skepping. Hy het gerus.

84 Let op, Hy tel reguit vorentoe, nie agteruit nie. Hy gaan vorentoe. Hy begin met Sy eerste kerkeeu, wat begin het by 33 nC., en Hy het die aftelling begin. Hy het Sy kerkeeue getel. Dit was die geboorte van die Kerk, op die Pinksterdag. Wat het. . . Hy begin tel. Hy begin die kerkeeue tel. "Eerste een, was Efése, nommer een; twee, Smirna; drie, Pérgamus; vier, Thiatire; vyf, Sardis; ses, Filadelfia; sewe, Laodicea." Dis later as wat julle dink. Dis later as wat julle dink. Die telling is verby. Die volgende ding is "zero," laat ons gaan. Alles is gereed. Die telling is verby.

85 Toe John Glenn, ons ruimtevaarder, in daardie groot buis ingegaan het, om op te styg, het die volk sprakeloos gestaan. Hulle het nie geweet, daardie oggend wat hy opgestyg het nie. Toe hy het, hy in die buis ingeklim het, en almal gehuil het, en gewag het, dopgehou het wat sou gebeur. Die volk was betower. Julle het gesien die. . . Al die televisies wat geblêr het, en alles, sodat almal dit kon sien. Die natuurlike oog kon dit nie sien nie, omdat hulle dit op televisie gesit het. Julle onthou dit.

86 Toe, toe hy bo geplaas is in die buis net reg, en toe hy het, het hulle begin: "Tien, tien, nege, agt, sewe, ses, vyf, vier, drie, twee, een, zero," daar het hy gegaan. Wat het gebeur? Toe die groot hefboom getrek is, die atome aan die brand begin raak het, begin breek het, vuur begin vlieg het, rook begin rol het, en die yslike groot buis in die lug opgestyg het, in die onbekende in, daarbuite iewers. Hy het opgestyg in die mens se prestasie, die grootste wat hy ooit gehad het. Maar laat ek vir julle sê, dis net 'n baie klein dingetjie.

87 Een van hierdie môres, God se prestasie, van Sy ruimtevaarders wat in Jesus Christus geklim het, daarin gebore is deur die Heilige Gees, gevul met Sy krag! Een van hierdie môres, sal die hele heelal skree, en ween en gekners van tande, wanneer hulle sien hulle het dit gemis. Wanneer die groot Arend, aangedryf deur die Heilige Gees en Vuur, Haar vlerke begin sprei, sal die ruimtevaarders in die lug opstyg, om te gaan om die Bruidegom te ontmoet; wanneer die Bruid opstyg, in die ruimtevaart krag van Almagtige God, Wie Jesus Christus na die aarde gestuur het, in die vorm van die Heilige Gees, die kerk deur hierdie prestasies gebring het!

88 Totdat, Sy nou Opstandingskrag in haar kry, om bokant die dinge van die wêreld te vlieg, Hom hierbuite in die Kerk te sien, wat Homself dieselfde gister, vandag, en vir altyd maak. Ja, meneer. Die aftelling is selfs verby. Elke kerkeeu is klaar verby. Ons eindig op die Laodicea.

89 Gaan in, my broer, my suster. Word drukvas gemaak. Die druk sal jou nie seermaak wanneer jy aan die binnekant kom en drukvas gemaak word nie. Gaan in Christus in, en jy sal nie omgee wat die wêreld sê nie. Hulle kan jou nooit tref, in elk geval nie. Jy is veilig. Jy's ingevou.

90 Jesus Christus is ons groot, glorieryke Ruimtevaartbuis waarin ons sal wees, wat aangedryf sal word deur die Heilige Gees en krag en Vuur, wanneer sy begin uitvlieg een van hierdie môres. Die Heilige Gees Vuur tref die aarde soos daardie, en, wanneer hulle dit doen, sal die Kerk opgelig word. En al die volke sal staan, hulle sal nie televisie nodig hê nie, hulle sal Hom sien. Elke knie sal buig en elke tong sal bely, soos Sy Haar pad voortsnel in die glorieryke sfere van—van die Hemel in, te gaan trou met Haar Bruidegom. God help ons om te lewe vir daardie dag!

Laat ons ons hoofde buig.

91 Bestuur jy 'n perd-en-kar vandag, ry jy met 'n fiets, is jy . . . 'n outomobiel, of het jy in die wolke ingegaan met 'n vliegtuig? As jy het, het ek iets om vir jou te sê. Daar is nou 'n ruimtevaarteeu aan. Waarom kom klim jy nie in die Ruimtevaarder in nie? O, ek weet dit klink vreesaanjaend. Die eerste man wat ooit in 'n vliegtuig geklim het, het hom amper

doodbang gemaak. Eerste een wat 'n outomobiel gehad het, julle weet wat dit gedoen het; maar nou is dit 'n alledaagse ding. O, broer, suster. Jesus Christus is hier. Die groot Ruimtevaartbuis waarin ons moet wees. Wolk bokant ons, sal nie een ding beteken nie; Hy sal elke wolk van twyfel verbreek, alles van ongeloof, daar uitgaan in die ruimte in.

92 As jy nie in Hom ingegaan het nie, nog nie, jy het 'n geleentheid vanmiddag. Sal jy jou hande opsteek, en sê: "Bid vir my, Broer Branham, dat ek in daardie plek kan instap waar ek elke Woord kan sien wat God belowe het, ek kan sien en die—die klop van die Krag van God binne-in my voel, dat ek weet dat my . . . hierdie wêreld en dinge weg is van my"? God seën. Kyk net na die hande. Goeiste, o, goeiste! Almal, oral.

93 Ons Hemelse Vader, U sien hulle hande. Ek is net verantwoordelik om die Woord te preek. U, hulle is U s'n. Ek gee hulle vir U. Hulle is U s'n. Laat die Heilige Gees nou . . .

94 En mag hulle dit sien, hierdie prestasies. Hulle sien dit in die natuurlike; dan as ons terugkyk, sien ons dit in die geestelike. U is hier, Here. U het belowe, net voor die endtyd kom, dat soos dit was in die dae van Sodom en Gomorra. En ons kan terugkyk en daardie dae sien, daar kyk en sien waar twee predikers, uitsonderlik, engelagtige, gesalfde manne, afgegaan het in Sodom en gepreek het in die dae van Abraham, Lot uitgeroep het. Dan was daar Een wat gebly het by Abraham, en dit was die Een Wie 'n teken gedoen het vir Abraham. Die ander, in Sodom, het hulle teken gedoen.

95 En, Vader, soveel dinge kon net hier gesê word, miskien sou die kerk nie verstaan nie. Maar ek bid dat U hulle so 'n begeerte Daarna sal gee, Here, dat hulle sal kom en sien ons is aan die endtyd, die ruimtevaarteeu. Ek bid, Vader, dat hulle sal besef dit is nie om te probeer veroordeel wat hulle gehad het nie, dit is net om hulle meer te probeer gee, wegrapende genade, want die uur sal aanbreek wanneer ons Wegrapingskrag sal moet hê; nie om net die liggaam te genees nie, maar om dit te verander in 'n oomblik, in 'n oogwink. Christus sal so werklik in hulle liggame wees, totdat Hy dit kan verander, deur Sy groot dood en wat Hy gekoop het. Mag hulle dit neem, vandag, daardie Teken waarvan ek gepraat het gisteraand, Dit voor hulle hou en in hierdie Ruimtevaarder instap (skenk dit, Vader) waar visioene, kragte, en wêrelde anderkant, bekende, en, O God, waar al die groot verborgenhede van God ontvou word in daardie Sewe Seëls en bekend gemaak word aan die mens. Skenk dit, Vader.

96 Hulle is U s'n nou. Ek besef dat altaaroproepe is wat ons doen, maar, Here, U het gesê: "Soveel as wat geglo het." Ek bid dat U hulle geloof sal gee, om te glo. Hulle is in U hande, Here. En as ek nooit sien nie, en hulle my nooit meer sien nie,

totdat ons aan U sy ontmoet, kan ons dan ken soos ons geken word. Ek bid dat U hulle sal help. En mag ons almal Daar wees, veilig, deurgedra deur onuitspreeklike genade van ons groot ruimtevaartgeloof wat ons het in Jesus Christus, waar ons gehuisves word saam met Hom. Amen.

97 Nou, net een oomblik, ons gaan bid vir die siekes. God, ons het belowe om dit te doen. Ons wil dit doen. En nou wil ek dit sê, dat hierdie week. . . Nou ons is omtrent vyftien, twintig minute nou. Ek het 'n stukkie afgesny, sodat ek gekry het omtrent vyftien, twintig minute nog, totdat ons dit kan doen.

98 Nou, die eerste ding is, hierdie dinge waarvan ons praat, is hulle so, is hulle nie? Ons weet die Bybel het dit belowe, maar is Hy hier? God is hier om te doen wat ons. . . wat Hy belowe het Hy sou doen. God is hier. Sien, ons het verby praat in tale gegaan. Dis—dis goed, sien. Ons het verby hierdie dingetjies gegaan. En, sien, ons is nou in 'n plek waar ons moet ruimtevaartgeloof hê, dis ruimtevaartkrag om te besef dat ons alreeds in Christus is, net meer van Christus, sien, om ons op te lig in Hemelse plekke.

99 Die ou metode van bid, hande op die siekes lê, dis goed. Dit was Luther se dag, vriend, terug in die outomobiel, ensovoorts. Ons is verby dit nou.

100 Onthou, Jesus het na die Jode gekom, die ou dae, Jaïrus het gesê, Jaïrus het gesê: "Kom en lê U hande op my dogter, en sy sal lewe." Maar die Romein het gesê: "Ek is nie werd dat U kom nie, spreek net die Woord." Sien? Om te her-. . . Hy het die krag van Christus herken, dat Hy oor alle dinge was.

101 Nou, as Christus oor alle dinge is, moet Hy—Hy Sy Woord hou. Hy is Koning. Hy is God. Hy moet Sy Woord hou: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook." Nou, wat iemand genees betref, niemand kan dit doen nie, want dis alreeds gedoen. Dis alreeds gedoen. Dis net die herkenning daarvan, die herkenning dat Hy in ons teenwoordigheid is. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou bid vir 'n paar minute, sê: "God, wees genadig."

102 Hemelse Vader, dat die mense mag wees; daar mag vreemdelinge hier wees, dat hulle mag weet dat dit waarvan ek praat waar is. Ek—ek is net in my arme, nederige manier, Here, probeer ek die Evangelie voorstel die beste waarvan ek weet hoe. Here, mag die mense my taal oorsien en net besef wat ek probeer sê. Ek bid dat U dit sal bevestig en dit werklik sal maak, tot die eer van God, in Jesus se Naam. Amen.

103 Nou, vriende, daar is waarskynlik twee of driehonderd gebedskaarte hier. Dit sou moeilik wees vir my om hulle ooit hier op te neem, een vir een. Of, nadat jy omtrent vier of vyf van daardie onderskeiding gekry het, sou ek op die vloer lê, miskien, dalk, of so swak wees, ek sou nie eens weet nie. 'n

Visioen, wanneer jy ’n visioen sien, moet dit geïnterpreteer word, ook, julle weet. Baiekeer is dit nie net presies nie, dit het net . . .

104 Nou jy doen dit, self, jou eie geloof is die een. Die vrou se geloof het die Here Jesus aangeraak, en sy het geglo dat Hy was—Hy God se Seun was. En dit het die krag uit Hom getrek na haar, haar haar begeertes gegee, en Hy het omgedraai en haar vertel haar toestand is genees.

105 Sien: “Jou geloof het jou *gered.*” Nou daar is geleerdes wat hier sit. Ek weet. Die woord is “sozo.” “Jou woord het jou *gered.*” “Jou geloof het jou *gered.*” Net soos jou geloof jou van sonde red, red jou geloof jou fisies, sien, van siekte. Nou jy moet dit glo.

106 Nou ek vra almal om baie stil en baie eerbiedig te wees vir ’n paar minute. En mag die Heilige Gees nou, net ten minste twee of drie mense in hierdie gehoor, is al waarvoor ek vra, dat julle mag sien dat dit nie spontaan en wat nog is nie. Die Heilige Gees is hier om Homself te manifesteer.

107 Nou iemand in die gehoor. Nou, ek ken nie een persoon nie, buiten my geliefde Suster Upshaw, wat hier sit, wat ek in die gehoor kan sien op hierdie tyd, wat ek ken nie. Sy’s die enigste een. En nou kan ek nie . . .

108 Dis net soos jou bewuste. Sien, jou onderbewuste is waar jy droom.

109 Ek het ’n fisiese ondersoek gehad, hier ’n paar, drie jaar gelede, deur tydsgolf, breingolf, julle weet. En die dokters uitgekom het, het hulle gesê: “Haai, jy’s ’n snaakse kêrel.”

Ek het gesê: “Wat’s die probleem?”

110 Gesê: “Jy weet wat?” Gesê: “Jy kan droom as jy wawyd wakker is.”

Ek het gesê: “Wat?”

Gesê: “Jy kan droom wanneer jy wawyd wakker is.” Ek het gesê . . .

111 Gesê: “*Hier* is jou eerste bewuste,” gesê: “dit word beheer deur jou sewe, of jou ses sintuie; sien, proe, voel, ruik, en ruik. Jou eerste bewuste is slegs aktief solank as wat jy in die ses sintuie is.” Gesê: “*Hier* is jou onderbewuste.” Gesê: “Wanneer hierdie onaktief is, dan gaan jy in jou onderbewuste in. Wanneer hierdie onaktief is, jy slaap, en jy gaan hier oorkant en droom ’n droom, gaan ’n deel van jou soontoe. Dan wanneer jy terugkom *hiernatoe*,” gesê: “dan onthou jy wat jy gedroom het toe jy buite jou sintuie van voel, proe, sien, ruik, en hoor was.” Sien? En gesê: “Dis die gewone.”

112 Gesê: “Ons het dit nooit tevore gesien nie. Maar beide van joune lê reg hier bymekaar.” Gesê: “Beide van jou tydsgolwe,

van onderbewuste en jou ander bewuste. Hulle het nooit daarvan gehoor, in my lewe nie." Gesê: "Man, jy kan 'n droom droom, aan die regop staan en wawyd wakker."

Ek het gesê: "Dokter, het jy ooit gehoor van 'n visioen?"

Hy het gesê: "Nee, ek glo nie ek het ooit nie."

Ek het gesê: "Is jy 'n gelowige?"

113 Hy het gesê: "Ek is Presbiteriaans, Broer Branham, maar," gesê: "dis al." Gesê: "Die pastoor het 'n paar mense daaronder, elke Donderdagaand," gesê: "alles wat ek hoor is 'Presbiteriaan, Presbiteriaan, Presbiteriaan.'" Gesê: "Ek gaan nie eens soontoe nie."

Ek het gesê: "Het jy ooit in die Bybel gelees?"

Hy het gesê: "Ek het."

114 "Het jy ooit gehoor wat die ou profete, van die Ou Testament, in 'n ander dimensie ingegaan het en daardie?"

Hy het gesê: "Is dit waarvan jy praat?"

Ek het gesê: "Dit is." En ek het gesê . . .

115 Hy het gesê: "Wel, dit sou wonderlik wees. Sê, Broer Branham, jy behoort te gaan . . ."

116 Ek het gesê: "Ek was reeds vir 'n onderhoud by Mayo's, sien." En ek het gesê hy . . . Ek het gesê: "Maar, kyk, het jy ooit 'n droom gedroom, Dokter?"

Hy het gesê: "O, sekerlik."

117 Ek het gesê: "Droom dan vir my 'n droom. Gaan net slaap en droom vir my 'n droom, sê my wat om te doen. Jy kon dit nie doen nie. Maar wat jou ook al beheer, jou droom kan gee, van my, en dan kan jy wakker word en dit vertel."

118 Ek kan dit ook nie doen nie. Ek kan nie sê wat, *hierbinne* nie. Dit moet Hy wees wat dit doen. En jou geloof, in Hom, bevestig hierdie Woord. Net, daardie vrou, maak nie saak wat enigiemand gesê het nie, sy het geglo as sy Sy kleed kan aanraak, sou dit wees, sou dit gebeur. Nou, Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Nou dis die enigste ding wat dit is.

119 Jy sien, wanneer jy nabootsings sien, ensovoorts, vriend, maak dit jou 'n bietjie ontsteld. Maar gaan net voort, in elk geval. Dit sal—dit sal reg wees, sien. Nou, kyk, jy moet gebore wees daarvoor. Jy word gebore, en alle natuurlike gawes kom na jou. "Gawes en roepings is selfs sonder bekering." Soos 'n man . . . Soos ek gepraat het met Paul Cain, 'n tyd gelede, van . . . Soos Ernie Ford, en Red Foley, en Elvis Presley, daardie kêrels met daardie groot talente van sang, en dit gebruik vir die wêreld. God het hulle daardie talente gegee, en kyk wat hulle daarmee doen?

120 Dis soos Judas Iskariot wat dertig stukke silwer daaruit kry, van die Een Wie dit vir hulle gegee het. Hulle behoort

dit te gebruik vir die Koninkryk van God. En wanneer jy dit vermeng, ek dink nie hulle behoort toegelaat te word om 'n gesang te sing nie; dit behoort in die kerk en by die mense, nie daarbuite om nog huigelary te maak nie. Gaan in Suid-Afrika in, en hulle wat so: "Wel, Elvis Presley is 'n baie godsdienstige seun, hy sing gesange." O! Dit beteken niks nie. Vir my, is dit nog 'n Judas. En al daardie mense wat daardie gawes van God neem en hulle verdraai.

121 Selfs vir 'n prediker wat dit sal neem en dit verdraai na 'n geloofsbelydenis, in plaas van die Woord van God, en sy invloed gebruik om te beïnvloed deur 'n geloofsbelydenis en nie die Woord van God nie, is dit 'n tweederangse Judas. Ek nie . . .

122 Ek behoort nie dit te gesê het nie. Julle, as ek julle seergemaak het, vergewe my. Ek—ek is nie veronderstel om daardie dinge hier te sê nie. Goed.

Hier is een ding, ek kan sê wat Hy vir my sê. Bid julle.

123 Nou, Here, een Woord van U sal meer beteken as wat ek in 'n leeftyd kon sê. Ek glo. U het dit belowe. Ek is U s'n. Laat hulle sien dat U Gees hier is, dan wanneer hulle opkom na hierdie gebedslyn, om voor gebid te word, sal hulle verstaan, Here. "'n Gebed van geloof sal die sieke red." Ek bid dat hulle sal sien dat dit nie U dienaar is nie. Dis U. Ek vra in Jesus se Naam. Amen.

124 Sit net stil, net 'n oomblik. Ek kan dit nie maak nie. Jy sê: "Broer Branham, wat?" Ek kan jou nie sê nie. Ek kan net soos Hy my wys.

125 Jesus het gesê: "Ek doen niks totdat die Vader My wys, eers nie. Wat ek die Vader sien doen, dit doen die Seun ook."

126 Hier, as julle julle hoofde opgelig het, kyk hier. Sien, wat hier aan die einde van die ry sit, daardie dametjie? Sy ly aan 'n vroueprobleem, 'n damesprobleem. Dis reg, jongdame. Dis reg, vloeïng en alles. Is dit reg, steek jou hand op? Jy's 'n totale vreemdeling. Dis 'n dametjie, daar is die Lig regoor suster, reg aan die punt van die ry daar. Dis 'n dametjie, 'n jong vrou met hare . . . Ek sien haar by die bad. As jy net nou sal glo! Nou, jy weet iets het net toe gebeur. Net meteens, het Iets net deur jou gegaan. Was dit nie? Dit was jou genesing. Sien, dis net toe dit verlig en weggeneem is. Jou geloof het jou gered.

127 Is dit nie dieselfde ding wat ons Here gedoen het nie? Jou . . . Sy het 'n bloedvloeïng, daardie vrou. Sy het Sy kleed aangeraak, en omgedraai. Hy het dit gevoel. Hy het gekyk. Hy het gesê: "Dis jou bloedvloeïng." Sy het gevoel stop. Daar is presies dieselfde ding wat Jesus Christus gedoen het. Wat is dit? Dis Hy. O, ek—ek weet julle het alles gesien, maar ek—ek is net verantwoordelik hiervoor. God is net verantwoordelik teenoor Sy Woord.

128 Hier, dat julle mag weet. Wat reg agter haar sit, is 'n dame wat daar sit met epilepsie, het epileptiese aanvalle. As jy glo, sal God die epilepsie van jou wegneem, dame. Hy sal dit doen, as jy dit sal glo. Hê geloof. Moenie twyfel nie.

129 Sien wat ek bedoel? Nou iemand oorkant in *hierdie* deel hier oorkant, iewers reg hierin, sodat julle sal sien. Sien, wat dit is, julle kyk . . .

130 Laat ek hierdie een ding sê voor ek nou gaan, om my soort van te laat rus.

131 Sien, dit, dit kry jou. Dit neem meer krag as wat ek gepreek het. Sekerlik. Sien, dis julle wat God se gawe gebruik. As God die gawe gegee het ou- . . . of gee die—die visioen outomaties . . . Soos Jesus Lasarus sien sterf het, en van die huis af weggegaan het en gewag het; en hulle toe gesê het wat sou gebeur, en teruggegaan het en dit gedoen het, het Hy nooit gesê Hy het swak geword nie. Maar daardie een vroutjie, dit was die vrou wat God se gawe gebruik het. Dis julle. God se gawe, wanneer Hy dit bewerk, doen dit dit nie. Maar wanneer julle dit bewerk; dis wanneer God jou in Sy hande het, en sê: "Dit sal *so* wees, hier en hier en hier. Dis hoe dit sal wees." Dis hoe dit is; dit pla jou nie. Maar wanneer daardie persone inreik en dit trek, dis wat dit doen. Dis wat dit doen.

132 Die mense vandag, die Laodicea Kerkeeu, die laaste aftelling. Het julle gesien, nou die aand, net voor die pous van Rome sy eerste besoek gebring het, in die hele geskiedenis, aan Jerusalem? Daar was nooit 'n pous in Jerusalem, gestuur, tevore nie. Sien, hy het van Rome na Jerusalem gegaan. Die kerk, die maan verteenwoordig die kerk, weerkaats die lig van die son, in sy afwesigheid. God doen die tekens in die hemele voor Hy dit op aarde verklaar. Het julle opgelet die maan het in 'n totale verduistering gegaan? Jerusalem is die oudste kerk in die wêreld. Sien? En toe hierdie Ekumeniese Raad en hierdie dinge wat . . .

133 Manne, ek hoop, as julle hier is, dat hierdie regtig deur julle gaan. Wanneer julle julleself aansluit, weet julle nie julle neem die merk van die dier nie, my vriend? "O!" julle sê: "as ek dit sien gebeur!" Dis te laat dan. Julle het dit klaar gedoen. Sien? Dis te laat op daardie tyd. Onthou, hulle kom om Olie te koop, maar daar was . . . kon dit nie doen nie.

134 Het julle opgelet wat gebeur het, wat daardie maan laat verduister het? Die wêreld het in die pad daarvan gekom. So het die wêreld in die Lig van die Skrif gekom, onder die Presbiteriane, Metodiste, Baptiste, Pinksters, en almal van ons. Dis waarvoor die verduistering is.

135 Het julle opgelet die Laodicea Kerkeeu, ook, was die enigste kerkeeu wat Jesus aan die buitekant was, om te probeer inkom? Het julle opgelet Hy het nooit gesê "laat hulle

alleen" nie? Jesus is die Woord (is dit reg), die gemanifesteerde Woord. Nou Hy. . .nou luister. Hy was nie, sien, wegstap en hulle gelos nie, maar Hy het probeer om 'n samewerking iewers te kry. "Hy wat die deur wil oopmaak, Ek sal inkom saam met hom, en maaltyd hou met hom, en hy met my." Maar, geen deur, sien; net probeer inkom, aan die buitekant. Hulle verwerp nie die mens nie. Hulle verwerp God.

136 Glo jy dit, dametjie wat daar sit met die sonbril op? Ja. Jy glo dit? 'n Paar diep gedagtes gehad net toe. Jou oë sal genees word as jy dit sal glo.

137 Nou laat ek vir julle sê. Iemand sê: "Sy het 'n bril op, die rede waarom hy dit geweet het." Nee.

138 Kyk hier. Kom hier. Nie kom hier nie, kyk na my net 'n oomblik. Glo jy dat ek Sy profeet is, of Sy dienaar? Glo jy dit? Jy doen dit. Jy behoort, met daardie gedagtes wat jy toe gehad het, gedink het aan hoe geheimsinnig: "Wat 'n groot openbaring dit was, van die maan, en dit verteenwoordig het." Is dit reg? Is dit reg, steek jou hand op.

139 Nou hoe kon ek geweet het wat sy selfs in haar hart gedink het? "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, 'n onderskeier van die gedagtes wat in die hart is."

140 Nou bid vir iemand, of doen iets. Hier, hier is wat opkom in jou hart net nou. Hier, hier is wat in jou hart is. Jy het twee broers waarvoor jy bid, en hulle is albei alkoholiste. As dit reg is, steek op jou hande. Goed.

141 Goed, sien, daar het julle dit. Sien? Sien daar? Sien? "Dis skerper as 'n tweesnydende swaard, onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart." Sien julle dit nie, vriende? Ons het verbygegaan by praat in tale. Ons is 'n ruimtevaarteeu.

142 Hier, hier is 'n man net voor haar, met sy hoof gebuig. Hy het dun hare, dra 'n wit jas, het 'n bril op. Hy het 'n geestelike probleem wat hy is. . .John Thom-. . .

143 O, wag 'n oomblik, ek ken daardie man. Wag 'n oomblik. Ek's jammer. Ek—ek ken die man. Dis reg. Ek glo dat ek—ek hom eenmaal ontmoet het, iewers. Ek kan nie dink daaraan nie. Ek glo dit was in Tucson, hier nie lank gelede nie, ek het hande geskud met 'n. . .En—en dis reg.

144 Maar jy het God aangeroep net daar. Jy het 'n groot geestelike probleem wat jy nie weet hoe om te beheer nie. Kyk, Mnr. Thomas, moenie bekommerd wees nie, dit gaan reg wees. Nou dat jy mag weet dat hierdie. . .Jy het gesê: "Hy—hy het die man geken." Wel, dis sy vrou wat langs hom sit. Ek het nie geweet dit was Mnr. Thomas se probleem nie. Hy, hy kan daarvan getuig. Maar sy vrou wat langs (haar) hom daar sit, het 'n oorprobleem waaraan sy ly. Is dit reg? Dis reg. Goed.

145 Hier, neem die volgende dame, die volgende dame langs haar. Kyk hierdie kant toe, dame. Glo jy dat ek Sy dienaar is? Die dametjie met die rooi jas aan, glo jy dat ek Sy dienaar is? Jy ly aan 'n probleem, ook. Jy het die heeltyd hoofpyne. Glo jy God sal hulle genees? As jy glo, lig jou kop op, hande, en sê: "Ek glo dit." Goed. Dis in die haak. Sien? Goed, as jy dit glo!

146 Hier, die dametjie met die blou jas aan, wat langs haar sit. Glo jy, suster? Glo jy God kan hartprobleme genees en jou gesond maak? Jy glo? Goed, jy kan dit kry.

147 Die dame wat langs haar sit, die ouerige dame, grys hare. Glo jy God kan genees, ook, hoë bloeddruk, en jou gesond maak? Goed, jy kan jou genesing kry. Sien?

148 Die dame wat langs haar sit, jy het probleme met jou ore, ook. Glo jy God genees oorprobleme? Dan kan jy jou genesing kry.

149 Die dame wat langs haar sit. Glo jy, dame, met jou hele hart, dat God genees? Jy't iets waaroor jy bid. Glo jy met jou hele hart dat God genees? Goed, as jy dit met jou hele hart sal glo, kan jou maagprobleme gesond wees. Jy kan huis toe gaan en jou middagete eet en gesond wees.

150 Meneer, jy wat langs—langs haar sit. Glo jy dat—dat God jou ook kan genees, en jou gesond maak? Sal jy dit aanvaar?

Hoeveel, die res van julle, sal glo met julle hele hart? Sekerlik, julle sal. [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

151 Maagprobleem, hartprobleem, God genees dit alles, maak dit gesond. Dis reg. As jy . . .

152 Die man wat langs haar sit, het rugprobleme. Glo jy God genees rugprobleme, meneer? Jy glo?

153 Die dame wat langs jou sit, het rugprobleme, ook. Glo jy God genees rugprobleme, dame? Goed, jy kan joune kry. Dis reg. O, enigste ding wat jy moet doen . . .

154 Die dame wat daar langsaan sit het kolonprobleme. Dis reg. Glo jy God sal jou kolonprobleem genees, dame? Jy glo?

155 Hier, af in die ry, kyk. Daar is 'n breinbesering wat daar sit. Glo jy God genees breinbesering? Jy glo? Jy kan dit kry.

156 Die een wat langs jou sit het epileptiese aanvalle. Glo jy dat God epilepsie genees?

157 Een wat langs jou sit het . . . hy het oogprobleme. Glo jy dat God oogprobleme genees, meneer?

158 Die een wat daar langsaan sit, daardie seuntjie, hy het ook epilepsie. Glo jy God genees die epilepsie?

159 Sy geliefde wat daar by hom sit het probleme met haar kop. Glo jy dat God jou kopprobleem sal genees, dame? Goed, jy kan dit kry.

160 Amen! Wat is dit? Die Woord van God vir hierdie dag is skerper as 'n tweesnydende swaard, Jesus Christus in ruimtevaartkrag! Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

161 Wat was ons eerste gebedskaart? [Iemand sê: "A's."—Red.] A's. Al die mense wat gebedskaart A het, staan op oorkant na *hierdie* kant. Nou kom vinnig, gebedskaart A, terwyl die salwing beweeg soos Dit beweeg. Gebedskaart A. Wat? [Iemand sê: "Hulle boontoe bring? Of hieronder? Bring die predikers oorkant na die linkerkant."]

162 Ek sê julle wat ons kan doen: Kom ons—kom ons laat hulle reg hieronder staan, sodat ek kan afgaan en bid vir hulle hieronder. Ek glo dit sou beter wees. Kom . . . [Iemand sê: "Wil jy die mikrofoon hê? Wil jy die nek-mikrofoon hê?"—Red.]

163 Gaan af na *hierdie* kant, vriende, af na hierdie kant sodat ons 'n lyn kan maak. Alle gebedskaart A, staan eerste, hulle het hulle kaarte langer gehou. Laat almal wat 'n gebedskaart A het, hierbo staan. Billy, gaan jy af en kyk of hulle in lyn is.

164 Nou gebedskaart B, laat hulle hulle volg. Almal wat gebedskaart B het, volg A's. Gaan, gaan om deur die ander paadjie daar, as julle kan, en laat julle lyn so omkom; A, B.

165 As julle net kan glo! Net eenmaal ruimtevaarder, kom weg van die outomobiel en vliegtuig. Laat ons net ingaan, totdat alle dinge moontlik is.

166 A, B, nou enigiemand wat gebedskaart C het, sluit aan agter hulle. Gebedskaart C, gaan terug aan die agterkant hier, gaan deur *hierdie* kant toe, die middelpaadjie, en gaan oor en vorm julle lyn daar. Gebedskaart A, B, C. [Iemand sê: "Mag 'n paar oor wees. Daar mag nog wees. Roep net al die kaarte."—Red.]

167 Agter na *hierdie* kant nou. Dis reg, vorm julle lyn reg deur *daardie* kant, daardie kant. Draai regs na *hierdie* kant, sodat ons seker kan wees om in die lyn te kom. Gebedskaart A, B, C, laat hulle eerste oplyn.

168 Hou net jou kaart in jou hand, ek sal 'n paar plekaanwysers kry om julle kaarte op te neem. Ek weet nie hoe ons hulle ooit opgelyn gaan kry volgens die nommers nie. Ek reken dit sal in die haak wees, in elk geval. [Iemand sê: "Dis in die haak, Broer Branham."—Red.] Laat hulle net.

169 A, B, C, nou D. A, B, C, D, gebedskaart D. A, B, C, D. Is daar enige D's? Ek reken ek het klaar gemaak. Gebedskaart A, B, C, D. Goed. Enigiemand wat gebedskaarte nou het, lyn op. Almal met gebedskaarte, gaan in julle seksies in en lyn op. Daar's glad geen manier vir ons, om ooit in staat te wees om te doen, om hulle almal volmaak in lyn te kry volgens nommers nie.

170 Nou ek wil weet hoeveel hierbinne gaan bid vir my terwyl julle . . . terwyl ons bid vir hierdie siekes. Luister, weet julle . . .

171 Nou, kyk, as julle hier gaan deurkom om voor gebid te word, net sê: "Wel, ek sal soontoe gaan om te kyk wat gebeur," mag jy net sowel jou sitplek neem. Dit gaan nie gebeur nie. Sien?

172 Nou Hy kan nie nog een ding doen nie, en sal nie nog een teken voor die mense doen nie. Dis volgens die Bybel. Ek wil hê iemand moet vir my sê van nog een teken wat Hy belowe het om te doen, behalwe wat Hy net hier gedoen het. "Soos dit was in die dae van Sodom," en Maleági 4, en daardie beloftes wat Hy gemaak het, kom almal saam in dieselfde ding. Daar sal nie meer enige teken vir die kerk gegee word nie. Die volgende ding wat julle sal sien, sal 'n vlug in die Hemele in wees. Hulle sal opgeneem word.

173 Moenie, moet dit nie misloop nie, vriend. Onthou, luister na my Stem. Dit sal jou hele lewe lank by jou spook, as jy nie ingegaan het nie. Daarbuite, wanneer jy ly vir jou straf, en waar geween en weeklaag en gekners van tande is, sal daardie Stem weer en weer skreeu, jy sal Dit die heeltyd hoor in daardie vermoeiende, spookagtige plek van die hel. Moenie faal nie. Nou is jou geleentheid.

174 Nou, o, daar is net soveel! Ek wonder of ek kon kry. . . Sou dit reg wees, julle broers saam met my bid, my te help om vir hulle te bid? ['n Broer sê: "Ja."—Red.] Nou, is hierdie predikers, hier oorkant? ["Ja."] Ek—ek sal nie hierdie plek verlaat. . .

175 Nou, kyk, ek het 'n paar baie rowwe dinge gesê van vliegtuig, outomobiel. Onthou, hulle is ook perdekrag. Dit is alles perdekrag. Die kerk beweeg net op, Heilige Gees krag. Dit is die Heilige Gees waardeur ons geregverdig word. Julle predikers weet dit, nie waar nie? Die Heilige Gees heilig ons. Die Heilige Gees vul ons. Die Heilige Gees gee ons wegrapende geloof, sien, soos ons opbeweeg.

176 Nou, ek sal nie hierdie land hier verlaat, en julle almal dink dat julle. . . dat: "O, Broer Branham is iets!" Ek is nie. Ek is nie eens werd om te sit saam met daardie pastore nie. Ek—ek het geen opleiding gehad nie. Ek—ek is een buite seisoen. En dis die rede waarom God my net hierdie dingetjie hier laat doen, net om te bevestig wat julle pastoor julle geleer het. Hulle is manne van God.

177 Luister, as julle siek is, hoef julle nie te wag vir Broer Oral Roberts, of Broer Paul Cain, of ek, of enigiemand nie. Julle goddelike pastoor, sy heilige geheiligde hande op julle, julle het my gehoor roep na hom om vir julle te bid. Hy lê sy hande op jou wanneer jy brand met koors; eerste ding waarvan jy weet, binne 'n paar dae het jy nie daardie koors nie, en is jy gesond. Wat is dit? Dis jou pastoor se geloof, saam met joune. Ja, meneer. Hy's nie 'n kantlynman nie. Hy is God se dienaar, reg bo in die voorste linie, met 'n tweesnydende Swaard in sy hand. Sekerlik. Hy is sekerlik.

178 Ek gaan hierdie pastore vra om hier te kom, te staan saam met my terwyl ons bid. Sal julle dit doen, almal van julle? Kom net hier en net . . . Ek gaan reg afkom saam met julle, en laat ons ’n dubbele lyn maak net *hier*¯. Nou wanneer die mense genees is, kan hulle nie sê: “Sien . . . ” nie. Ek wil julle hande hê, pastoor; julle, my broers. En nou is ons . . . julle is . . . As julle net . . .

179 As jy kom, sê: “Wel, ek sal probeer. Ek sal . . . ” Nee, moet dit nie doen nie, moenie, moenie iemand anders se plek neem nie. Sien? Jy kom, in die wete dat jy gaan kry waarvoor jy gevra het.

180 Kyk net hier, wat ’n klomp predikers! O, goeiste! Ek het die meeste van hierdie manne ontmoet. Ek ken hulle. Ek ken hulle, deur hulle te ontmoet by ontbyte, en—ensovoorts. Hulle is goddelike mense. Hulle is God se dienaars.

181 Nou kyk hier. Op die Pinksterdag, het die Heilige Gees Homself geskei, en Vuurtonge het op elkeen gesit. Die groot Vuurkolom het geskei, en elkeen het ’n deel van daardie Heilige Gees ontvang, op hulle, soos Vuurtonge. Wel, as jy een Vuurtong sit, en twee Vuurtonge, saam, het jy tweemaal die krag wat jy in een gehad het. Onthou, was dit nie Eségiël, in sy visioen van die twee stokke in die hand nie, julle sien?

182 Nou kyk hier, kyk hier wat julle het, al hierdie manne van God! Buiten dit, hoeveel in die gehoor daarbuite gaan bid, steek julle hand op? Kyk hier! Nou, julle mense in die gebedslyn, kyk hierna. Kyk hier uit na wat vir julle gaan bid, honderde mense.

183 Nou, die Heilige Gees is hier net nou, Jesus Christus, wat Homself bewys, Hy’s hier. Hy kan nie meer doen as dit nie. Nou hoeveel in die gebedslyn glo dit, steek julle hande op? Nou laat ons almal.

184 Nou gaan ek vir Broer Borders kry, of iemand, die sangleier. Wie is die sangleier? Het jy die mikrofoon daar? Goed. Ek gaan party van hulle hiernatoe laat kom en daardie lied sing, *Glo Net*. “Alle dinge is moontlik, glo net.”

185 Dan soos hulle hierdie lied sing, wil ek hê elke persoon moet in gebed wees. Moenie—moenie, behalwe as iets uitsonderliks gebeur, moenie eens opkyk nie.

186 Nou julle moet opreg wees. Dis tussen dood en lewe, vir party van hierdie mense. Hulle is net daar met kanker, en gewas, en TB, en alles, sterwend. Wat as dit jou ma was? Dis iemand s’n, onthou. Nou wees baie eerbiedig. En wanneer hulle verbykom en ons hande op hulle lê . . . Ek kom reguit af saam met hierdie manne. En soos hulle, ons, hande lê op daardie mense, bid julle dat hulle genees sal word.

187 En nou julle in die gebedslyn. Nou laat my, ek kan julle net sê. Nou, daaragter, en almal wat in die gebedslyn sal wees.

Wanneer julle deurkom, doen dit nou, as jy gaan—as jy my nou gaan glo. Kyk, wanneer jy deur hierdie lyn kom, en wanneer die . . . Jy in daardie lyn stap, onthou, asof jy onder die skadu's van die Kruis stap. Jy doen . . . Hierdie manne doen presies wat Jesus vir hulle gesê het om te doen. "Hulle hulle hande op die siekes sal lê, sal hulle gesond word." Ek kom af, soos ek gesê het aan die begin, my net uit te sprei saam met hulle, dat ons alles mag doen wat ons kan om julle mense te help. Sal julle glo?

188 Nou laat ons bid, eers, want Dit het gesê . . . Julle weet, Petrus het gegaan en gebid aan die kant van 'n kamer waar Dorkas was, dood, en toe het hy gegaan en sy hande op haar gelê. Nadat hy gebid het, het hy opgestaan en oorgegaan en hande op haar gelê. Elía het op-en-af op die vloer geloop, totdat die Gees oor hom gekom het, toe het hy gegaan en sy liggaam op die dooie baba gelê. Onthou julle dit? Nou gaan ons bid, en dan hande op julle lê, soos julle deur die lyn gaan. En julle kom hierdeur, en, so gou as wat daardie hande julle aanraak, staan op en aanvaar julle geloof, en gaan af, en prys God. Wees 'n ruimtevaarder nou soos julle deurkom, vlieg net weg van al die ongeloof.

189 Ons Hemelse Vader, hierdie kom na die klimaks en die kritieke oomblik, die grootste ding wat kan gebeur, vir die siek mense, is net nou. Waar, 'n massa hier van honderde mense deur 'n gebedslyn van predikers sal gaan wat U hulle geroep het uit alle lewenswandels, en hulle het hulle lewe vir U gegee, tot eer van die Woord van God en hulle roeping.

190 Hier in hierdie houer is sakdoeke, wat na die siekes en beproefdes gaan. Here Jesus, laat elkeen van hulle herstel, soos ons hulle in die Naam van Jesus Christus stuur.

191 En soos hierdie siek mense deur hierdie lyn kom, mag elkeen van hulle, Here, geloof hê nou. Mag hulle besluit, en sê: "Ek het rondgespeel. Ek gaan nie meer speel nie. As ek gaan glo, gaan ek net nou glo. Ek het die lewende Woord van God gemanifesteer gesien. Ek weet, in hierdie kamer, is Jesus Christus iewers. Sekerlik sal die een deur wie Hy Homself manifesteer nie vir ons verkeerd vertel nie, want U het gesê: 'As daar een wat geestelik is, of 'n profeet, en wat hy sê gebeur, luister dan na hom.'"

192 Here God, mag dit in die mense se gemoed wees, dat ek probeer om vir hulle te vertel dat U nie dood is nie, dat U lewe net hier nou, en U—U salwing op U Kerk en U mense is. Laat hulle genees word soos hulle deurgaan. Ek bid hierdie gebed in Jesus Christus se Naam. Amen.

193 Nou laat ons bly in gebed, terwyl Broer Borders of wie ook al die sang gaan lei. Hou julle hoofde gebuig, en ek kom nou af om by die lyn te staan hier en te bid saam met hierdie mense.

194 [Broer Branham en die predikers bid nou vir almal in die gebedslyn, terwyl die gemeente bid, en sing: "*Glo Net*." Leë kol op band—Red.]

Here, ek glo,
Want alle dinge is moontlik, O Here, glo ek;
O Here, ek glo, (laat ons julle hande opsteek
soos ons dit sing), O Here, ek glo,
Alle dinge is moontlik, O Here, glo ek.

195 Julle weet, ek glo nie ek het ooit deur 'n gebedslyn in my lewe gegaan, wat ek ooit enigsins meer geloof gesien het as wat ek het in daardie lyn nie. Regtig die beste gebedslyn wat ek ooit gehad het in die Verenigde State, in my lewe, om 'n lyn te sien deurgaan soos daardie. Ek is net so seker, as wat my naam William Branham is, en ek hier staan by hierdie platvorm, julle pastore sal hoor van julle mense wat deur die lyn gegaan het. Dit was regtig 'n groot geloof, van die beste wat ek ooit in my lewe geken het, volgens die enigste manier wat ek weet om daarvan te getuig, deur die salwing van die Heilige Gees. Dit was regtig wonderlik. Dankie, mense.

196 Nou almal wat glo jy is genees, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Daar, luister daarna! God seën julle.

197 God wees met julle tot ek julle weer ontmoet. As die Here wil, sal ek hierbo wees by hierdie Tulare. Is dit wat die naam daarvan is? Tulare, Tulare hierbo, hierdie volgende week.

198 Nou laat ons almal staan op ons voete, net 'n oomblik, terwyl ons verdaag word in 'n gewone prosedure. En dan gaan hulle die gebedsdoeke hier uitgee, ensovoorts. God seën julle.

199 En God seën julle predikerbroers. Dis wat dit so eg maak, wanneer julle broers, daar was Paul Cain en al hierdie pastore, en almal wat hierlangs gestaan het, 'n groot ondersteuning in geloof.

200 Ek het regtig hierdie diens geniet, geweldig. Ek ag dit as een van die rooilig dienste wat ek ooit gehad het in die Verenigde State. Ek het di, gehad wat groter was.

201 God seën jou, suster. [Suster Upshaw sê: "Ek wou net handskud met jou. O, halleluja!" Senator William D. Upshaw was oombliklik genees gedurende Broer Branham se onderskeidingsdiens in Los Angeles op 8 Februarie 1951, nadat hy 'n kreupel was vir ses-en-sestig jaar—Red.]

202 God seën jou, Suster Upshaw. Daar is nie 'n week wat verbygaan wat ek nie dink aan jou en—en Broer Bill nie. Ek sal jou op daardie oewer ontmoet Daar, suster, waar al die ou dinge verbygegaan het. Ons sal Daar wees daardie dag. Amen.

203 Nou laat ons ons hoofde buig terwyl ons die pastoor hier vra, een om te kom en ons te verdaag in gebed, amptelik. Laat ons ons hoofde buig. Broer, die Here seën jou.

Aftelling AFR64-0209
(Countdown)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagmiddag, 9 Februarie 1964, by die Kern County Skougronde in Bakersfield, Kalifornië, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org